26 Jun.

Uitgawe 2010/06/02

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die woord van die HERE wat Hy deur die diens van Elía gespreek het. (**1 Kon.17:16**). In hierdie verhaal het die weduwee haarself voorberei vir die ergste – om die laaste bietjie olie en meel vir haar en haar te seun te gebruik en dan op die dood te wag in 'n tyd van droogte, maar selfs in hierdie moeilike situasie was sy bereid om God se Woord te glo. Sy was bereid om haar laaste te saai en te glo dat God aan haar sal voorsien, volgens Sy Woord. ***Hemelse Vader, dankie vir U getrouheid. U volbring elke belofte aan ons. Verlos ons van vrees en angstigheid en help ons om U Woord te glo in moeilike tye.***

Deurbraak : Kan gebed moordenaars verander?

Baie keer raak ons as gelowiges mismoedig wanneer ons gebede nie beantwoord word nie. Sommige van ons gee selfs moed op en hou op om te bid. God belowe om reg te doen aan persone wat nag en dag na Hom uitroep. Lees asb. die volgende getuienis en wees bemoedig dat God nog steeds gebed beantwoord. *'n Dame, genoemd Lelia, se swaer is vermoor. Die familie het nie geweet wie verantwoordelik was vir die moord nie en dit het vir 'n jaar so voortgeduur. Die familie het vir die ondersoek begin bid, want hulle wou die waarheid weet. God is wonderlik; Hy het hul gebed verhoor. Die moordenaar het homself aangemeld want hy kon nie slaap nie.* (Webruimte: http://www.24-7prayer.com/blog/1236, 19/05/10). ***Bely dat God die Enigste Een is wie gebed beantwoord, al voel dit huidiglik dat jou persoonlike gebed nie verhoor word nie. Ondersoek jou hart en vra God se vergifnis waar jy laat slap lê in jou gebedslewe.***

Bid vir jou gemeenskap : Kinders

Bid asseblief vir die kinders in jou gemeenskap. Onthou om hierdie naweek saam met *Viva* netwerk te bid vir *Kinders in Nood*. Bid ook vir die groot aantal kinders in Suid-Afrika wat met vakansie sal wees tydens die *Sokker Wêreldbeker*. (Webruimte: http://www.viva.org, 31/05/10). ***Vra God om die kinders in jou gemeenskap te beskerm van enige vorm van mishandeling en verwaarlosing. Bid dat God sal intree in huise waar huishoudelike geweld plaasvind. Bid vir die kinders in Suid-Afrika – dat daar 'n vakansie program beskikbaar sal wees in elke gemeenskap waaraan kinders kan deelneem en hul ouers verseker sal wees van hul veiligheid.***

Suid-Afrika : Wêreldbeker 2010

Exodus Cry gaan 'n groep intersessors van verskillende lande laat saambid in Suid-Afrika tydens die 2010 Wêreldbeker. As verteenwoordigers van die Ligaam van Christus verklaar hulle die Here se wil vir reg en geregtigheid oor die onderdruktes in die wêreld wat vasgevang is in die wrede siklus van mensehandel en seksuele uitbuiting. Die venster van geleentheid tydens die Wêreldbeker is 'n oomblik van krisis wanneer alle aspekte van die wêreldwye mensehandel meewerk op een land vir 'n periode van een-en-dertig dae. Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes—moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot 'n lof op aarde! – **Jesaja 62:6-7**. (Webruimte: http://www.exoduscry.com/philanthropy/international-field-work/worldcup-2010, 31/05/10). ***Bid dat hierdie mense geleenthede sal hê om uit te reik na vroue wie betrokke is by prostitusie of wat blootgestel was aan mensehandel. Bid vir die kerk in Suid-Afrika om standvastig te bly in gebed gedurende die Wêreldbeker en selfs vir die tye na die geleentheid. Bid dat toeriste van ander lande bewus sal wees van die Ware en Lewende God wanneer hulle die land besoek.***

Internasionaal : Kambodja

Seksuele misbruik van kinders is 'n groot probleem in Kambodja – dit word beraam dat tussen 50 000 en 100 000 persone in die land slagoffers is van die kommersiële seksbedryf, waarvan 30 – 35% kinders is. Selfs die kinders wat daarin slaag om die bedryf te verlaat ly aan erge fisiese en sielkundige traumas, wat beteken dat sorg en rehabilitasie soms baie veeleisend kan wees. (Website: http://www.chabdai.org, 25/05/10). ***Bid vir kinders wat slagoffers is van seksuele misbruik in Kambodja. Bid dat God kragtig sal intree vir hulle en vir hulle geleenthede sal gee om die lewe te ontsnap waarin hulle forseer word. Bid dat God die harte van mense sal aankla wat kinders koop en verkoop in die seksbedryf, sowel as die mense wat misbruik maak van kinders in prostitusie en ook buitelandse toeriste. Bid dat God hul oë sal oopmaak om te besef hoe hulle die kinders benadeel. Bid vir Viva Netwerk in Kambodja, Chab Dai. Dit is 'n netwerk wat daarop fokus om kinderhandel en seksuele uitbuiting stop te sit.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com